

52 HOPE STREET

A restored T plan house dating from the 1850s. Built on a plot purchased in 1853 by JP Spangenberg, the front facade has been altered, probably in the late 19th century. This is a private house.



48 HOPE STREET

The last remaining 19th century double storey house in Calvinia. Another house built on a plot belonging to H Buck. The lower floor now altered to be a shop. A passage at the left side leads to rows of *tuishuises* and the next house.



47 STIGLING STREET

A guest house and plant nursery. Although the address is in Stigling Street, this is the rear of the house. The front faces towards, but is set well back from Hope Street. An early photograph of 1864 (a copy is in the museum) shows it as a brand-new thatched house without its stoepkamer wings. The Hope street front has since been Victorianised but it retains its board and batten, stable type front door. Strangely, the house was situated on two plots. Approximately half, on that owned by JP Spangenberg and the remainder, facing Stigling Street, owned by John Howaston, purchased in 1854. The plots were only consolidated in 1910 when they were transferred into the estate of the late JP Hough.



45 STIGLING STREET

Another house accessible from the passage leading from Hope Street. This is on the same erf as part of No 47, that belonging to JP Spangenberg and formed part of a row of what were probably *tuishuisies*. Now guest accommodation. This house, apparently originally thatched, displays the same pronounced window surrounds and quoining attributed to Henry Buck, the probable builder and hence to around the last quarter of the 19th century.
Photograph: Alta Coetzee

ENJOY THE WALK

Sources
Chief Surveyor General
Jewish Life Volume III - Adrienne Kolberg et al
Khoekhoen Place Names - GS Nienaber & PE Raper
Old Towns and Villages of the Cape - Hans Fransen
The History of Middlepos - Anon
The Old Buildings of the Cape - Hans Fransen

Research: Nigel Amschwand
Graphic Design: Alta Stegmann
Afrikaans Translation: Annemarie van Zyl

A SHORT HISTORY OF CALVINIA

The town of Calvinia is situated south of the Hantam mountains. The name connects it to the early inhabitants of the area, the Khoekhoen, who probably called the place Hantam due to the abundance of the plant *Pelargonium biflorium*, which they called *Heyntama*.

The first colonists arrived in the 1740s. The farm Ackkerendam (now the nature reserve to the north of the town) was granted to Jan Otto Diedriks on the 24th December 1750. In 1763 it was transferred to Adriaan van Zyl, who passed it to his niece's husband, Abraham van Wyk. The van Wyks later occupied the adjacent farm Hoog Kraal and in 1847 a section was sold to The Church Wardens of the Dutch Reformed Church at Hantam, the original name of the village. The first minister changed the name to Calvinia after the Protestant reformer, John Calvin.

The surveyor, J Knobel, laid out water erven from the centre of the town towards the Oorlogskloof River. These were watered from a spring at the western end of Water Street that led into a furrow that crossed these plots. On the other side of the long church square were dry erven. Later, the streets alongside the square were named Water Street to the south and Hope Street to the north.

The Census of the Cape Colony of 1865 showed the increases in occupations for the Clanwilliam District, of which Clanwilliam and Calvinia were the principle towns. From 1856 to 1865 those engaged in agriculture grew in numbers from 307 to 5435, manufacture 19 to 550 and commerce from 5 to 181. This was the fastest growing district in the Western Division. The increase in numbers was due to the changing nature of the Cape. From being a colony with a few towns and a vast interior sparsely populated with stock farmers, there arose a need for the establishment of new towns throughout the Cape. Many, like Calvinia, was established for the purpose of building a church. Shortly after the establishment of a church, traders followed as well as agriculturalists, then artisans such as carpenters and joiners, and ultimately lawyers to draw up contracts and sort out disputes.

The original church was at the end of the square in Church Street. In 1862 the minister was Rev McCarter, a Scotsman who, unlike most of his fellow countrymen came to the Cape, was not fluent in Dutch. Although well respected, his sermons became so tedious that part of the congregation broke away to form another church. This division lasted until 1877 when, after the Rev McCarter returned to Scotland, they were reunited.

During the two ostrich-feather booms (1865-1870 and 1900-1914) Calvinia was one of the main centres for their collection and shipping of feathers to Europe. This industry collapsed at the start of the First World War.

During the Anglo-Boer war Calvinia was attacked by a Boer commando. Abraham Esau, a coloured blacksmith loyal to the British, gathered a force of 70 locals to defend the town against them. In retaliation Easu was arrested and shot by the Boers. A few day later the British arrived and recaptured the town.

The railway arrived in 1917 and for many years was the conduit for the agricultural produce of the district. It closed in 2001.

Today, Calvinia is still the centre of the farming community and is fortunate to have kept its historic centre almost intact, except for an unsympathetic library building at the opposite end of the square from the church.



HISTORIC CALVINIA

A WALKING TOUR



44 HOPE STREET

Originally the home of veldcornet Abraham van Wyk., it was built on an erf purchased in 1853 shortly after the town was first laid out. The house is a T-plan of traditional design with a *voor-* and *agterkamer* and two bedrooms flanking the front room. The kitchen is at the rear. The house is now a restaurant and coffee shop. Inside, there are fine cedar ceilings, doors and a wall cupboard.



42 HOPE STREET

The Hantam House. A typical Karoo three bay flat-roofed house dating from the last quarter of the 19th century. This was previously a kraal and a section of the original wall can be seen inside. Now a bookshop and the entrance for number 44.




DUTCH REFORMED CHURCH

This is the second church in Calvinia. The first was between Hope and Water streets at their junction with Church Street. This was built at the time the town was founded. The second church, built between 1899 and 1900, was designed by the architect JH Grayford in the Gothic Revival style.
Photograph: Morné van Rooyen



17 WATER STREET

A corner shop with the typical chamfered corner doorway. The original building dates perhaps from 1858 when this section and the adjoining plots in lower Church Street were transferred to Gert Jacobus van Wyk. Altered into a shop in the later part of the 19th century judging from the glazed four panel doors and matchboard ceiling. Over the doorway there is a sign showing the name of one of the early owners, Benjamin Klein.



DISCOVER HISTORIC CALVINIA



LOWER CHURCH STREET

Adjoining number 17 Water Street are two *Nagmaalhusies* that probably also date from 1858 and used by the van Wyks when they stayed in town for church occasions. Later owned by Jacobus Adriaan Louw (right) and LAWS Visagie (left).



29 WATER STREET

Die Ou Lady Guesthouse. T-plan house on the corner of Dorp Street built on a water erf purchased by Richard Fryer in 1851. The house has been modified including a veranda with Victorian *broekie lace*. It is said that these alterations date from the time when the thatch was set alight during the Anglo-Boer war, as the then owner, Jack van Dyk, was a British supporter in a town occupied by Boer sympathisers.



33/37 WATER STREET

The Blou Naartjie. A restaurant and guest house. This is another early T plan house built for Jacobus Gideon Louw. Around 1876 it was in the possession of Louis Rosenblatt and used as a meeting place for the Jewish community. A painting of the house with its unusual keyhole shaped openings in the gables is on display at the local museum.



57/59 WATER STREET

Calvinia Lodge. Guest accommodation. This is a late Victorian cottage built on an 1895 deduction of the original water erf sold to JAB van Wyk in 1855. This five-bay house with late Victorian six-pane windows was probably built for the owner of the plot, Hendrik WJ Visagie.



63 WATER STREET

Die Dorpshuis. Period furnished guest accommodation. A T-plan house with various later extensions. Built on a water erf bought by JA van Wyk in 1855, it was originally thatched. The woodwork of the front façade is late 19th/early 20th century with two-pane windows and a four-panel door. At the rear are a row of *tuishuisies*, now used as guest accommodation.



67 WATER STREET

A three-bay house probably dating from the 1860s when JA Louw bought a subsection of the original erf from JA van Wyk. The windows are late Victorian with six panes and internal folding shutters. The board and batten front door is horizontally divided.



69 WATER STREET

The Karoo Boekehuis, belongs to a trust to support those writing about the Karoo. Built on an erf purchased in 1854 by AJ Hough. This T-plan house was probably of the traditional layout with a *voor* and *agterkamer*. It was later changed to the English style with a front hallway with fine cedarwood screen doors.



PASTORIE STREET

Carmel Villa. A guesthouse. There are few Victorian villas in Calvinia and this is the nicest. Dating from 1904, it is another link with Calvinia's Jewish history. It was built by Leon Helfet, a trader who arrived in Calvinia in 1897 and had a small shop in Water Street as well as shares in another in Middelpos. Leon Helfet imported many of the elements used in the construction of the house.



PASTORIE STREET

To the left of Carmel Villa is the town house of Joel Sher. Sher was a trader and supplied the Boer forces during the Anglo-Boer war. After the war, he became the owner of the Middelpos trading store in partnership with Leon Helfet and Herman Weinrich. Sir Anthony Sher, the famous actor, is descended from Joel. The house dated 1896 has late Victorian two-pane windows with louvred shutters.



54 HOPE STREET

The Tuishuis. Guest accommodation. A late 19th century house, probably built by local contractor H Buck. Buck purchased various small lots in the town. The sale of the plot in 1870 gives a probable date for the house with its six pane windows and a six-panel door. The front façade, with its rough-cast walls and heavy quoining to the door and window openings, is said to be a trademark of Buck's.



HOOPSTRAAT 52

'n Gerestoureerde T-vormige huis wat uit die 1850's dateer. Die erf waarop dit staan, is in 1853 deur JP Spangenberg gekoop. Die voorste fasade is verander, moontlik in die laat 19de eeu. Dit is 'n privaat huis.



HOOPSTRAAT 48

Die laaste oorblywende 19de-eeuse dubbelverdiepinghuis in Calvinia. Die erf het ook oorspronklik aan H Buck behoort. Die grondvloer is tans 'n winkel. 'n Gang aan die linkerkant lei na rye tuishuisies en na die volgende huis.



STIGLINGSTRAAT 47

'n Gastehuis en plantkwekery. Hoewel die adres Stiglingstraat is, is dit die agterkant van die huis. Die voorkant front na Hoopstraat. 'n Vroeë foto van 1864 ('n kopie daarvan is in die museum) toon dit as 'n splinternuwe grasdakhuis sonder die stoepkamer-vleuels. Die Hoopstraat-front is vervictorianiseer maar het sy tipiese plankkonstruksie staltipe voordeur behou. Vreemd genoeg, strek die huis oor twee erwe. Ongeveer die helfte daarvan was op die erf wat aan JP Spangenberg behoort het en die res, wat na Stiglingstraat front, was op 'n erf wat John Howaston in 1854 gekoop het. Die erwe is in 1910 gekonsolideer toe dit oorgedra is aan die boedel van wyle JP Hough.



STIGLINGSTRAAT 45

Nog 'n huis wat bereik word deur die gangetjie vanuit Hoopstraat. Dit is op dieselfde erf as die deel van No 47 wat aan JP Spangenberg behoort het. Dit is deel van 'n ry wat waarskynlik tuishuisies was. Tans gaste-akkommodasie. Hierdie huis, wat blykbaar voorheen 'n grasdak gehad het, vertoon dieselfde swaar rustiekwerk om die deure en vensters en word as gevolg daarvan ook toegeskryf aan Henry Buck. Dit dateer uit ongeveer die laaste kwart van die 19e eeu.

GENIET DIE STAPTOER

Bronne

Landmeter-Generaal
Jewish Life Volume III - Adrienne Kolberg et al
Khoekhoen Place Names - GS Nienaber & PE Raper
Old Towns and Villages of the Cape - Hans Fransen
The History of Middlepos - Anon
The Old Buildings of the Cape - Hans Fransen

Navorsing: Nigel Amschwand
Grafiese ontwerp: Alta Stegmann
Afrikaanse vertaling: Annemarie van Zyl

KORT GESKIEDENIS VAN CALVINIA

Die dorp Calvinia lê suid van die Hantamberge. Die naam Hantam kom van die Khoekhoen-woord vir die plant *Pelargonium biflorium*, wat algemeen in die area voorgekom het. Die Khoekhoen, of Khoi, was die vroegste inwoners van die area.

Die eerste Europese koloniste het in die 1740's in die Hantam aangekom. Die plaas Ackerendam (tans die natuurreservaat noord van die dorp) is op 24 Desember 1750 aan Jan Otto Diedriks toegeken. In 1763 is dit oorgedra aan Adriaan van Zyl, wat dit later aan 'n familielid, Abraham van Wyk, oorgedra het. Die van Wyks het later die aangrensende plaas Hoog Kraal besit en in 1847 'n gedeelte daarvan afgestaan aan die Nederduits-Gereformeerde Kerk op Hantam, soos die dorpie toe genoem is. Die eerste predikant het die naam verander na Calvinia, na die Protestantse Hervormer Johannes Calvyn.

Die landmeter J Knobel het die dorp uitgelê. Die erwe wat vanaf die middelpunt van die dorp in die rigting van die Oorlogskloofrivier aangelê is, is watererwe genoem. Hulle het water uit 'n fontein aan die westekant van Waterstraat ontvang, waarvandaan die water met 'n leivoor oor die erwe gevoer is. Aan die bokant van die langwerpige kerkplein was die droë erwe, met ander woorde daardie erwe wat geen water uit die rivier of fontein ontvang het nie. Die gedeelte van die straat na die suide is Waterstraat genoem en die deel na die noorde Hoopstraat.

Die hele area het in die laat 1800's geweldig uitgebrei. In die Sensus van die Kaapkolonie van 1865 kan onder andere gesien word hoe die verskillende beroepe in die Clanwilliam-distrik uitgebrei het. Vanaf 1856 tot 1865 het die aantal mense wat in die landbou gewerk het, gegroei van 307 tot 5435, in vervaardiging van 19 tot 550 en in handel van 5 tot 181. Dit was die snelgroeiendste distrik van die Westelike Distrikte. Die toename in getalle was as gevolg van die veranderende aard van die Kaapkolonie. Voorheen was daar slegs enkele dorpe met 'n baie uitgestrekte binneland, yl bevolk deur veeboere. Mettertyd het meer mense die gebied binnegekom en het daar 'n groot behoefte aan nuwe dorpe ontstaan. In baie gevalle, soos met Calvinia, was dit hoofsaaklik met die doel om 'n kerk te vestig. Sodra daar 'n kerk was, het handelaars gevolg, dan vakmanne, en uiteindelik natuurlik prokureurs om kontrakte op te stel en geskille by te lê!

Calvinia se oorspronklike kerk was op die punt van die plein in Kerkstraat. In 1862 was die predikant Ds McCarter, 'n Skot wat, anders as die meeste van sy landgenote wat na die Kaap gekom het, nie vlot in Hollands was nie. Hoewel hy 'n gerespekteerde persoon was, was dit vir die lidmate so moeilik om sy preke te volg dat 'n deel van die gemeente weggebreek het om hul eie kerk te stig. Die twee kerke is weer in 1877 herenig nadat Ds McCarter terug is na Skotland.

Gedurende die twee volstruisveer-eras (1865–1870 en 1900–1914) was Calvinia een van die hoofsentra vir die versameling en verskeping van die vere na Europa. Die volstruisveerbedryf het met die begin van die Eerste Wêreldoorlog finaal ineengestort.

Gedurende die Anglo-Boereoorlog is Calvinia deur 'n Boerekommando aangeval. Abraham Esau, 'n bruin grofsmid en Britse lojalis, het 70 plaaslike mans bymekaargekry om die aanval af te weer. Die Boere het Esau gearresteer en tereggestel, en 'n paar dae later het die Britte opgedaag en weer beheer van die dorp oorgeneem.

Die spoorweë het die dorp in 1917 bereik en was vir baie jare die belangrikste vervoermiddel vir die landbouprodukte van die distrik. Dit is in 2001 gesluit.

Vandag is Calvinia steeds die sentrum vir die boerderygemeenskap en die dorp is bevoorreg om nog 'n feitlik ongeskonde historiese sentrum te hê, behalwe vir 'n onsimpatieke biblioteekgebou oorkant die kerk.



HISTORIESE CALVINIA

STAPTOER



1 HOOPSTRAAT 44

Oorspronklik die huis van veldkornet Abraham van Wyk. Die erf is gekoop in 1853, kort nadat die dorp uitgelê is. Die huis is 'n tradisionele T-vorm met 'n voor- en agterkamer en twee slaapkamers weerskante van die voorkamer. Die kombuis is aan die agterkant, in die "stert" van die T. Die huis het pragtige plafonne, deure en 'n muurkas van sederhout, en word tans gebruik as 'n restaurant en koffiewinkel.



2 HOOPSTRAAT 42

Die Hantamhuis. 'n Tipiese Karoostyl-huis met 'n platdak. Dit dateer uit die laaste kwart van die 19de eeu. Dit was oorspronklik 'n kraal en 'n deel van die oorspronklike kraalmuur kan steeds binne gesien word. Tans 'n boekwinkel en die ingang na nommer 44.



3 NG KERK

Die tweede kerk van Calvinia. Die eerste een was geleë tussen Hoop- en Waterstrate waar dit Kerkstraat kruis, en is gebou net na die stigting van die dorp. Die tweede kerk is deur die argitek JH Grayford in die Gotiese Herlewingstyl ontwerp en tussen 1899 en 1900 gebou.
Foto: Morné van Rooyen



4 WATERSTRAAT 17

'n Hoekwinkel met die tipiese afgeskuinsde ingang. Die oorspronklike gebou dateer moontlik uit 1858 toe hierdie gedeelte en die aangrensende erwe aan die onderpunt van Kerkstraat aan Gert Jacobus van Wyk oorgedra is. Geoordeel aan die plankies-plafonne en deure met vier panele (met glas in die boonste panele), is die gebou in die laat 1800's in 'n winkel omskep. Dit dra die naam van een van die vroeë eienaars, Benjamin Klein.



ONTDEK HISTORIESE CALVINIA



5 LAER KERKSTRAAT

Aangrensend aan Waterstraat 17 is twee Nagmaalhuisies wat aan die Van Wyks behoort het en moontlik ook uit 1858 dateer. Jacobus Adriaan Louw het later die huis aan die regterkant besit en LAWS Visagie die een op links.



6 WATERSTRAAT 29

Die Ou Lady-gastehuis. 'n T-vormige huis gebou op 'n watererf wat Richard Fryer in 1851 gekoop het. Die huis het op 'n stadium 'n afdak op gietyster-pilare, versier met Victoriaanse broekie-kant, bygekry. Daar word vertel dat dit so verander is nadat die rietdak tydens die Anglo-Boereoorlog aan die brand gesteek is, blykbaar omdat die eienaar, Jack van Dyk, 'n Britse ondersteuner was in 'n dorp vol Boere-ondersteuners.



7 WATERSTRAAT 33/37

Die Blou Nartjie, 'n restaurant en gastehuis. Nog 'n vroeë T-vormige huis, gebou vir Jacobus Gideon Louw. Rondom 1876 was Louis Rosenblatt die eienaar en is dit gebruik as 'n ontmoetingsplek vir die Joodse gemeenskap van die omgewing. 'n Skildery van die huis met sy ongewone sleutelgatvormige openinge in die gewels kan in die plaaslike museum gesien word.



8 WATERSTRAAT 57/59

Calvinia Lodge, gaste-akkommodasie. 'n Laat-Victoriaanse huisie gebou op 'n deel van 'n oorspronklike watererf wat JAB van Wyk in 1855 gekoop het. Die gedeelte is in 1895 afgesny en verkoop aan Hendrik WJ Visagie, wat waarskynlik die huis met sy sesruitvensters gebou het.



9 WATERSTRAAT 63

Die Dorpshuis, gaste-akkommodasie gemeubileer met oorspronklike meubels. T-vormige huis met verskeie latere aanbouings. Dit het oorspronklik 'n grasdak gehad, gebou op 'n watererf wat JA van Wyk in 1855 gekoop het. Die houtwerk van die voorste fasade dateer uit die laat 19de/vroeg 20ste eeu met tweeruitvensters en 'n vierpaneel deur. Agter is 'n ry tuis-huisies, tans ook gaste-akkommodasie.

10 WATERSTRAAT 67

Die huis dateer waarskynlik uit die 1860's toe JA Louw 'n onderverdeling van die oorspronklike erf by JA van Wyk gekoop het. Die vensters is laat-Victoriaans met ses ruite en interne vouluike. Die plankkonstruksie voordeur is 'n bo-en onderdeur (ook staldeur genoem).



11 WATERSTRAAT 69

Die Karoo Boekehuis. Die behoort aan 'n trust wat opgerig is om skrywers wat oor die Karoo skryf, te ondersteun. Dit staan op 'n erf wat in 1854 by AJ Hough gekoop is. Die T-vormige huis het waarskynlik die tradisionele uitleg met 'n voor- en agterkamer gehad. Dit is later verander na die Engelse styl met 'n ingangsportaal en gang. Dit het 'n pragtige sederhoutskerm.

12 PASTORIESTRAAT

Carmel Villa, 'n gastehuis. Een van die min deftige Victoriaanse villas in Calvinia. Die huis dateer uit 1904 en is nog 'n skakel met Calvinia se Joodse geskiedenis. Dit is gebou deur Leon Helfet, 'n handelaar wat in 1897 in Calvinia aangekom het. Hy het 'n winkeltjie in Waterstraat gehad en ook belange in 'n winkel in Middelpos. Helfet het baie van die argitektoniese elemente wat vir die bou van sy huis gebruik is, ingevoer.



13 PASTORIESTRAAT

Links van Carmel Villa is die dorpshuis van Joel Sher, 'n handelaar wat die Boeremagte tydens die Anglo-Boere-oorlog van voorraad voorsien het. Na die oorlog het hy die eienaar van die Middelpos handelswinkel geword, in vennootskap met Leon Helfet en Herman Weinrich. Sir Anthony Sher, die beroemde akteur, is 'n nasaat van Joel. Die huis, gedateer 1896, het laat-Victoriaanse tweeruitvensters met hortjiesluike.

14 HOOPSTRAAT 54

Die Tuishuis, gaste-akkommodasie. 'n Laat 19de-eeuse huis, moontlik gebou deur H Buck, 'n plaaslike boukontrakteur, wat verskeie erfies in die dorp besit het. Die erf is in 1870 gekoop, wat 'n moontlike boudatum vir die huis gee. Die voorste fasade, met sy grofgepleisterde (rofkas-) mure en swaar rustiekwerk om die deur- en venstersopeninge, is tipies van Buck se werk.